

## 24 Augustus Openbaring 2:18-29, (Teks: 2:25)

### *Die kerk op pad na die 21e eeu*

Die vraag word vandag al hoe meer gevra hoe die kerk die 21e eeu tegemoet moet gaan. Moet ons eredienste verander en die Kategismuspreke nou eens en vir altyd gelos word? Kan ons nog met "Dawid se psalms" in 'n volgende eeu ingaan? Hoe moet die kerk staan teenoor al die ander godsdienste? Wat moet ons houding wees teenoor die vrou in die amp in 'n eeu van feminisme en menseregte? Hoe moet die kerk staan teenoor homoseksuele lidmate? Ons moet hierdie vrae aan Christus Self vra, die Koning wie se Kerk dit is. En Hy gee 'n duidelike antwoord: "Hou net vas wat julle het totdat Ek kom." Dit is al. Die woordjie "net" is belangrik. Die kerk hoef niks meer te doen nie as om net vas te hou wat ons het. Dit beteken ons moet nie ons greep op die suiwer Evangelie verloor nie. En ons gereformeerde belydenis wat die waarheid van die Woord vertolk moet ons nie afwater of in die argief begrawe nie.

In Tiatira het Isebel gepleit vir verdraagsaamheid en deelname aan al die vakbonde wat bestaan het met hulle afgodsfeeste en onsedelikheid. So is daar vandag mense wat pleit vir verdraagsaamheid teenoor valse godsdienste en homoseksualisme, teenoor Sondagsport en -handel, teenoor owerspel en egbreuk. Die grens tussen die kerk en die wêreld word uitgewis. Dit loop uit op 'n verbasterde Christendom wat nie meer sy roeping kan vervul nie. Christus wil weet of ons daarin slaag om kerk te bly in hierdie wêreld. Sy Woord spreek in die duidelikste taal oor geld en arbeid, onsedelikheid en egbreuk, valse en ware godsdienste. Ons het dit. Ons moet dit vashou. Anders volg die oordeel.

Dr. C.F.C. Coetzee (Potchefstroom)